Jesus Brings Peace in Storms **Mark 4:39**

Read
Mark 4:39 – "Jesus got up, rebuked the wind and said to the waves, 'Quiet! Be still!' Then the wind died down and it was completely calm."

Introduction:

Have you ever been in a storm? A big storm with strong wind, thunder, and lightning? It's enough to make anyone feel scared. Today we learn about another kind of storm—storms that rage in our lives. Bad things that happen to us can be seen as storms we have to go through. Do you maybe not have any friends? Are your mom and dad fighting? Is someone bullying you? Are you afraid to go to school? Or worried about a test you need to write? These are examples of storms that can happen in your life.

Jesus and His disciples were in a boat on the sea. Suddenly, a storm broke out. The wind blew, and waves crashed against the boat. The disciples were very afraid. But Jesus was sleeping peacefully.

The disciples woke Him and said, "Don't You care that we're going to die?" Jesus got up and spoke to the wind and the sea: "Quiet! Be still!" Immediately it became calm. The storm was gone.

Sometimes it feels like Jesus is asleep when things are difficult in our lives. Jesus is always there, even when it doesn't feel like it.

Jesus Speaks to the Storm

When Jesus woke up, He simply said: "Quiet! Be still!" – and immediately there was silence. No wind. No waves. Just peace. Jesus has power over everything. Everything is possible for Jesus. When we are afraid, we may ask Jesus for help. He will hear us and bring us peace.

A Great Calm Came

The wind stopped blowing. A great calm came. Just like Jesus calmed the storm, He can calm the storms in our lives. He brings peace and quiet into our hearts. We can go through the hardest times and face the biggest problems, but Jesus can help us to find peace in our hearts again.

Are you worried? Scared? Feeling confused? Ask Jesus to give you peace. Today, He says to your storm: "Quiet! Be still!"

Jesus bring rus in storms **Markus 4:39**

Lees

Markus 4:39 – "Jesus het opgestaan, die stormwind ernstig aangespreek en vir die see gesê: ‘Bedaar! Word kalm!’ Toe het die wind gaan lê en daar het ’n groot rustigheid *gekom."*

Inleiding:

Was jy al ooit in ‘n groot storm vasgevang? ‘n Groot storm met ‘n sterk wind, donderweer en blitse. Dit is genoeg om enige iemand bang te maak. Ons leer vandag van ’n ander soort storm. Storms wat in ons lewens woed. Slegte dinge wat met ons gebeur kan as storms beskou word waardeur ons moet gaan. Het jy dalk nie maats nie? Het mamma en pappa baklei? Is daar iemand wat jou boelie? Is jy bang vir skool? Is jy bang vir ‘n toets wat jy moet skryf? Hierdie voorbeelde van storms wat in jou lewe kan voorkom.

Jesus en sy dissipels was in 'n boot op die see. ’n Storm het skielik losgebars. Die wind het gewaai en golwe slaan teen die boot. Die dissipels was baie bang. Jesus het rustig geslaap. Die dissipels maak Hom wakker en sê: “Gee U nie om nie? Ons vergaan!” Jesus staan op en praat met die wind en die see: *“Bedaar! Word kalm!”* Meteens was dit stil. Die storm was weg. Almal was verbaas!

Soms voel dit asof Jesus slaap wanneer dinge moeilik gaan in ons lewens. Maar Jesus is altyd daar, al voel dit nie so nie.

Jesus spreek die storm aan

Toe Jesus wakker word, sê Hy net: *"Bedaar! Word kalm!"* – en dadelik was daar stilte. Geen wind. Geen golwe. Net rus.

Jesus het mag oor alles. Alles is moontlik vir Jesus. Wanneer ons bang is, mag ons Jesus se hulp vra. Hy sal ons hoor en vir ons vrede bring.

’n Groot rustigheid het gekom

Die wind het opgehou waai. Daar het ’n groot rustigheid gekom. Soos Jesus die storm laat bedaar het kan Hy ook die storms in ons lewens laat bedaar. Hy bring rustigheid en vrede in ons harte. Ons kan deur die moeilikste tye gaan, die grootste probleme ondervind maar Jesus kan ons help om weer vrede in ons harte te kry.

Is jy bekommerd? Bang? Voel jy deurmekaar? Vra vir Jesus om vrede te gee. Hy sê vandag vir jou storm: *"Bedaar! Word kalm!"*